CCPS — An AIChE Technology Alliance — Center for Chemical Process Safety
www.aiche.org/ccps

Process Safety Beacon
http://www.aiche.org/CCPS/Publications/Beacon/index.aspx
**Boodskap aan bedryfspersoneel**

**Die weergawe geborg deur:**
ioMosaic
www.iomosaic.com

# Moenie van persoonlike veiligheid vergeet nie!

**Maart 2014**

## Die insident

Onlangs het ’n Beacon leser ’n insident beskrywing ingestuur en hy het gedink dit sal ‘n goeie onderwerp wees vir die volgende Beacon. Die aanleg het ’n veiligheidsreel gehad wat werkers verbied om juwele te dra. Een werker het ‘n ring aan sy vinger gedra. Toe hy uit ’n trok uitklim, haak die ring vas en amputeer sy vinger.

Die besering was ernstig en sal die werker vir die res van sy lewe affekteer, maar dit is nie ’n tipiese Beacon insident nie omdat dit nie te doen het met die proses nie. Maar dit herinner ons tog dat mens moet aandag gee aan alle aspekte van veiligheid, wat insluit prosesveiligheid en persoonlike veiligheid. Mense val van hoë plekke af, val van trappe af, sny hulleself met skerp voorwerpe, word getref deur vallende voorwerpe, en verskeie ander insidente wat niks te doen het met die proses tegnologie nie. Maar hulle word net so erg geaffekteer as mense wat beseer word deur prosesveiligheids insidente.

Terwyl die Beacon fokus op proses verwante insidente, moet ons nie die belangrikheid van persoonlike veiligheidsinsidente onderskat nie. Vir ’n veilige werksplek is beide proses en persoonlike veiligheids programme nodig.

Die foto is van toepassing op die insident wat hierbo beskryf is. Harold Lloyd het meeste van die toertjies in die klassieke fliek self gedoen, ten spyte van die feit dat hy ’n duim en ’n deel van ’n vinger vier jaar tevore in ‘n ongeluk tydens verfilmimg verloor het.



Harold Lloyd hang bokant die strate van Los Angeles tydens ‘n oomblik uit die beroemde klasieke stil film van 1923 “Safety Last”

## Het jy geweet?

- Persoonlike veiligheid (of beroepsveiligheid) fokus op voorkoming deur werksisteme wat bedoel om die risko van persoonlike beserings te verminder.
- Prosesveiligheid fokus op voorkomimg en beperking van brande, ontploffings en vrylating van gevaarlike materiale en ander ernstige insidente wat verband hou met die chemie en fisika van die proses.
- Prosesveiligheidsinsidente het die potensiaal om katastrofies te wees en kan baie mense op een slag affekteer, sowel as die omgewing en skade aan toerusting. ’n Groot insident kan mense buite die fabriek affekteer.
- Sommige insidente het aspekte van proses en persoonlike veiligheid. So byvoorbeeld kan die oopmaak van ‘n pyp met warm vlambare materiaal die ambagman wat die werk doen beseer, deur blootstelling aan die materiaal. Maar die vrylating kan ook ’n brand of ontploffing veroorsaak.

## Wat kan jy doen?

- Moet nooit vergeet dat ’n veilige werksplek vereis dat elkeen aandag moet gee aan proses veiligheid **sowel as** persoonlik veiligheid.
- Wees bewus dat elemente soos ’n veiligheids-kultuur en houding, bedryfsdissipline, veilige werkspraktyke en ander elemente van ’n goeie veiligheids program essensieel is vir die sukses van proses en persoonlik veiligheid.
- Maak seker jy verstaan jou aanleg se prosesveiligheids **en** persoonlike veiligheidsprogramme en jou rol daarin om dit suksesvol te maak.
- Neem aktief deel aan jou aanleg se veiligheidsprogramme en moedig mede werkers aan om ook deel te neem.

***Prosesveiligheid en persoonlike veiligheid – Jy het albei nodig!***

AIChE © 2014. All rights reserved. Reproduction for non-commercial, educational purposes is encouraged. However, reproduction for the purpose of resale by anyone other than CCPS is strictly prohibited. Contact us at ccps_beacon@aiche.org or 646-495-1371.

**The Beacon is usually available in Arabic, Afrikaans, Chinese, Czech, Danish, Dutch, English, French, German, Greek, Gujarati, Hebrew, Hindi, Italian, Japanese, Korean, Malay, Marathi, Norwegian, Persian, Polish, Portuguese, Romanian, Russian, Spanish, Swedish, Telugu, Thai, Turkish, and Vietnamese.**